

26 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 146:1-10 (NAV)

Fokusgedeelte: Psalm 146:10 (NAV)

Vertrou God, want Hy regeer van geslag tot geslag

Die digter roep ons op om die Here te loof en te prys. Hy het in 'n intiem persoonlike verhouding met die Here geleef en spreek Hom aan as "my God". Hy het geleer dat vertrou in mense nie jou lewensprobleme kan oplos nie. Sels al is die persoon magtig soos 'n prins, bly hy maar 'n stoflike mens wie se planne saam met hom sterf.

Daarteenoor kan jy net die God van Jakob, die Verbondsgod vertrou. Want die Here, die magtige Skepper van die hemel en die aarde, is ook die troue Verbondsgod wat Hom ontferm oor dié wat verdruk word en swaarkry, soos onder andere die gevangenes, blindes, bedruktes, vreemdelinge, en wese. Hy wat die regverdige liefhet, laat reg aan hulle geskied en gee uitkoms. Hy is altyd daar. Hy regeer van geslag tot geslag.

Ons kan so maklik mense vertrou vir uitkoms. In siekte vertrou ons 'n dokter en medisyne. Wanneer ons onveilig voel, vertrou ons die sekuriteitsmaatskappy of 'n vuurwapen. As ons gebrek ly, vertrou ons dalk 'n lottokaartjie, of ons vertrou ons eie vermoëns om ons probleme op te los. Maar dit bring nie uitkoms nie.

Al wie ons kan vertrou, is God wat deur Christus Hom oor ons ontferm het. Toe Jesus gesterf het, is sy planne nie daarmee heen nie. Dit is juis volbring toe Hy die dood oorwin het. Nou kan ons as verlostes in Christus die Here prys, want Hy ontferm Hom oor ons in nood. Hy is altyd daar, deur die geslagte heen.

Sing: Psalm 146: 2, 3, 8 (Totius)

Ds MAF Kruger (Springs)